higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

OUTOMOTIEWE HERSTEL EN ONDERHOUD
NKR VLAK 2

(6021032)

22 November 2024 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

414Q1N2422

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
OUTOMOTIEWE HERSTEL EN ONDERHOUD
NKR VLAK 2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs 'n swart of 'n blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1


1.1 Noem enige TWEE onveilige aksies in die motorwerkswinkel wat ongelukke mag veroorsaak. (2)

1.2 Benoem die volgende veiligheidstekens:

1.2.1



1.2.2



1.2.3



(3 × 1) (3)

1.3 Werkgewers moet rekord hou van ongelukke en insidente.

Gee enige TWEE redes waarom ongeluk-/insidentverslae gehou moet word. (2)

1.4 Gee EEN rede waarom 'n mens nie in die werkswinkel mag rook nie. (1)

1.5 Noem DRIE voordele van goeie huishouding. (3)

1.6 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.6.1–1.6.5) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

1.6.1 'n Voertuig moet op 'n gelyk oppervlak staan wanneer dit opgehys word.

1.6.2 Domkragte is gewoonlik beweegbare en draagbare toestelle.

1.6.3 Daar is geen nodigheid daarvoor om die voertuig te blok om te verhoed dat dit van die domkrag afgly nie.

1.6.4 Gewig is nie belangrik wanneer 'n voertuig met 'n hystoestel opgelig word nie.

1.6.5 Passasiers mag nie in voertuie wat opgehys word, sit nie.

(5 × 1) (5)

[16]

VRAAG 2

2.1 Gee EEN funksie van ELK van die volgende meetinstrumente:

2.1.1 Multimeter

2.1.2 Wysermeter

2.1.3 Druktoetser

(3 × 2) (6)

2.2 Kies 'n term uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (2.5.1–2.5.5) in die ANTWOORDBOEK.

KOLOM A		KOLOM B	
2.2.1	Skoonmaak van die silinderboring	A	borgringtang
2.2.2	Dit hou klein werkstukke vas	B	werklamp
2.2.3	Om pype vas te klem	C	langbektang
2.2.4	Dit word gebruik wanneer dit moeilik is om te sien	D	bobbejaansleutel
		E	soldeerbout
2.2.5	Dit word gebruik wanneer elektriese drade gelas word	F	oliesteen

(5 × 1) (5)

2.3 Noem TWEE funksies van wielvellings. (2)

2.4 Verduidelik die funksies van 'n voertuig se bande. (5)

2.5 Dui aan waar 'n band oormatige slytasie sal toon indien:

2.5.1 Die band te pap is

2.5.2 Die band te styf gepomp is


(2 × 1) (2)

2.6 Noem TWEE materiale wat vir die vervaardiging van wielvellings aan voertuie gebruik word. (2)

[22]

VRAAG 3

3.1 Bestudeer FIGUUR 1 hier onder en beantwoord die vrae wat volg:



FIGUUR 1

3.1.1 Noem die onderdeel wat in FIGUUR 1 getoon is. (1)

3.1.2 Noem TWEE funksies van die onderdeel in FIGUUR 1. (2)

3.1.3 Noem die vloeistof wat in die onderdeel in FIGUUR 1 getoon is, voorkom. (1)

3.2 Verskillende toetse mag aan die onderdeel in FIGUUR 1 gedoen word.

Noem DRIE sulke toetse. (3)

3.3 Die negatiewe aansluiter aan die onderdeel in FIGUUR 1 word deur sekere eienskappe uitgeken. Noem EEN sodanige eienskap. (1)

3.4 Noem en verduidelik VIER algemene oorsake daarvan dat 'n enjin oorverhit. (4)

3.5 Verduidelik TWEE oorsake daarvan dat laers onklaar raak. (2)

3.6 Noem VIER tipes rollaers wat in motorvoertuie gebruik word. (4)

[18]

VRAAG 4

4.1 Gereedskap en toerusting is nodig wanneer 'n voertuig versien word.

Noem enige VYF van hierdie gereedskap en toerusting. (5)

4.2 'n Werkkaart is een van die belangrike dokumente wat nodig is wanneer 'n voertuig versien word.

Gee TWEE redes waarom 'n werkkaart nodig is. (2)

4.3 Waarna kyk 'n mens in die enjinkompartement wanneer 'n voertuig voor 'n versiening geïnspekteer word? (5)

4.4 Enjinolie is 'n baie belangrike vloeistof vir die smeerstelsel in enjins. Gee VIER funksies van enjinolie. (4)

4.5 Wat is 'n padwaardigheidstoets? (2)

4.6 Noem enige TWEE redes waarom 'n rytoets gedoen moet word nadat 'n voertuig versien is. (2)

[20]

VRAAG 5

5.1 Vriesweermiddel word in moderne voertuie gebruik.

Gee enige TWEE funksies van vriesweermiddel. (2)

5.2 Gebruik die komponente hier onder om 'n stroombaandiagram te teken.

draad; resistor; geslote skakelaar; battery; gloeilamp

(5)

5.3 Verduidelik kortliks wat tydens die inlaatslag van 'n vierslag-binnebrandenjin plaasvind. (4)

5.4 Beskryf die funksies van die volgende enjinonderdele:

5.4.1 Oliebak

5.4.2 Krukas (‘Crankshaft’)

5.4.3 Koppelstang (‘Connecting rod’)

5.4.4 Petrolpomp

5.4.5 Suierringe (‘Piston rings’)

(5 × 1) (5)

5.5 Verduidelik waarom enjinolie gefiltreer word voordat dit in die enjin ingepomp word. (1)

5.6 Noem DRIE tipes oliepompe wat in voertuie gebruik word. (3)

5.7 Noem VIER nadele van 'n plunjertipe oliepomp. (4)

[24]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou